## Handelinge  = Die werk van die Heilige Gees deur Sy kerk hier op aarde.

Handelinge is geskrywe deur Lukas. ‘n Getroue Metgesel van Paulus asook ‘n Dissipel van Jesus. Die Here gebruik Lukas om ‘n brug te “bou” tussen die evangelies en die res van die geskrifte. Kan jy jouself indink om klaar te maak met Johannes Evangelie en direk te begin met Romeine. Die vraag sou wees. Wat het dan gebeur? Hoe het Jesus se Kerk op aarde dan ontstaan?

Hier in Handelinge sien ons hoe God Sy Gees uitstort oor Sy kinders vir die eerste keer. Die Here Jesus het sy dissipels belowe dat Hy Sy Gees gaan stuur. Handelinge begin met Jesus se Hemelvaart. Wat ‘n wonderlike gebeurtenis om te kon aanskou het.

Ons lees van die Uitstorting van die Heilige Gees en dat ook hoe die Gees die dissipels bekragtig en deur Hulle werk om die Evangelie te verkondig

Hand 1:8. – ons groot opdrag  =  _____________________________________________

Kom ons kyk na hierdie vroeë kerk van Jesus en wat hulle geglo het.

1. Hulle het geglo dat Jesus opgestaan het. (Hand 1:1-11)
   Luk 24:44-48 – Jesus het in die 40 dae na Sy opstanding gereeld aan hulle verskyn, maar was nie nou meer konstant by hulle nie. Dit was ook ‘n voorbereidings tyd vir wanneer Hy nie meer by hullle sal wees as persoon nie. In die tyd het Jesus hullle spesifieke lesse kom leer
   - Die werklikheid van Sy opstanding – v3a
     Rom 10:9-10,1 Kor 15:1-8,
   - Dat Sy Koninkryk kom. – 3b
     Matt 6:33,Rom 14:17, 1 Joh3:1-9
   - Die Krag van die Heilige Gees.- v4-8
     Hand 1:8, Joh 16=4:16-18
   - Dat Hy weer sal terugkom v 9-11
     Matt 24:30,26:64, Open 1:7

2. Hulle het in mekaar geglo. (Hand 1:12-14)
   120 en almal verskillend van mekaar, vergader in die Bo vertrek om te wag vir die Belofte van die Heilige Gees. Die sleutelvers is in vers 14…….

Hulle het ___________________________________volhard in gebed en smeking.
Daar was nie 'n verdeeldheid onder hulle nie. Hulle was almal daar saam vir dieselfde rede.
Die Here het hulle geroep vir 'n taak en hulle was daar om dit uit te voer.

3. Hulle het geglo in Gebed. (Hand 1: 24-25)
   Deur die hele Handelinge sien ons dat gebed 'n sentrale en belangrike aksie was in alles wat hulle gedoen het.
   Hulle bid vir leiding in Hand 1:15-26
   Hulle bid vir moed om te kan getuig Hand 4:23-31
   Daagliks gebid Hand 2:42-47, 3:1, 6:4
   Hulle bid in hulle vervolging en lyding Hand 7:55-60
   Bid vir die wat die Here, nie ken nie. Hand 8:14-17
   Voor hulle die werk van die HERE moes doen Hand 9:36-43
   Bid vir wysheid en insig hoe om ander te help Hand 10:9
   Daar is nog so baie. Soos jy deur Handelinge lees sien jy hoe hulle 'n biddende gemeente was.

4. Hulle het geglo in God se leiding deur Sy Woord.
   Hulle het eerstehands ervaar hoe die Woord vir hulle oopgebreek is om te verstaan en dan so die Evangelie suiwer aan die verlore wereld te verkondig.
   Hand 1:16, 3:18, 4:25
   2 Tim 3:16
   Ons moet onthou dat hulle op daardie stadium nog nie die hele Bybel, Ou En Nuwe Testament gehad het soos ons vandag het nie. Vanuit die geskrifte van die Ou Testament en die werk van Jesus op aarde, kon hulle die Evangelie bring. Hulle het insig en wysheid van die HERE ontvang, wat hullle die vermoë gegee het om dit verklaar en te verkondig.

Wat vir ons belangrik is as kerk in 2021 is dat ons dieselfde "resep" moet volg as die dissipels. Die Heilige Gees is in Sy krag besig om in Sy kinders te werk.
Daar is 'n paar vrae wat ons onsself moet afvra.
Is Jesus se opstanding vir my 'n werklikheid?
Leef ek daagliks so dat ander kan sien, ek glo dit?
Is ek aktief besig in God se Koninkryk?
Leef ek elke dag in my eie krag, of in die Krag van die Heilige Gees?

Sien ek uit na Jesus se Wederkoms en is ek gereed en besig met Sy werk?
Glo ek nog in my mede –gelowiges? Is hulle vir my belangrik en is dit vir my belangrik dat ons verantwoordelik sal wees vir mekaar?
Is Gebed vir my belangrik. Gebed in my binnekamer en gebed saam met ander kinders van die Here?
Val en staan ek by God se Woord of word ek maklike verlei deur ander se opinies en nuwe idees?
As ek gelewe het in die tyd van Handeling gemeente….hoe sou my lewe daarna uitgesien het?